JUTA SE

AFRIKAANSE TAALBOEKIES

PARALLEL TAALSERIE

(AFRIKAANS EN ENGELS)

VIR SUID-AFRIKAANSE SKOLE

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE UNIWERSITEIT VAN KAAPSTAD.

STANDERD I.

AFRIKAANS.

(GEÏLLUSTREER.)

JUTA & KO., BEPERK

KAAPSTAD. PORT ELIZABETH. UITENHAGE.
JOHANNESBURG.

1923.

SKB
372.6
BRO

JUTA SE

AFRIKAANSE TAALBOEKIES

PARALLEL TAALSERIE

(AFRIKAANS EN ENGELS)

VIR SUID-AFRIKAANSE SKOLE

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE UNIWERSITEIT VAN KAAPSTAD.

STANDERD I.

AFRIKAANS.

(GEÏLLUSTREER.)

JUTA & KO., BEPERK

KAAPSTAD. PORT ELIZABETH. UITENHAGE.
JOHANNESBURG.

1923.

Voorwoord.

In die bewerking van hierdie serie is getrag om die volgende beginsels toe te pas :—

1. Die onderwys in die een taal moet heeltemal afsonderlik gehou word van die onderwys in die ander taal. Die kind moet direk leer dink in die taal wat hy leer. Die vertaal-metode word dus nie gebruik nie.

2. Die korrekte taalvorm of taalgebruik is die uitgangspunt, en dien steeds as model vir die leerling. Daar word op aangedring dat hierdie modelle, wat as leesstof die eintlike oefeninge voorafgaan, deeglik studeer word, voor die leerlinge van hulle afstap.

3. Die verkeerde, die onjuiste moet sistematies vermy word. Net op die juiste taalgebruik word nadruk gelê.

4. Betekenis moet nooit aan vorm opgeoffer word nie ; onsin, gesogtheid en kunsmatigheid moet vermy word, selfs waar dit net daarom te doen is om 'n taalverskynsel te verklaar.

5. In die taalles ook moet dit moontlik gemaak word vir die kind om hom in 'n bepaalde appersepsiekring te beweeg. Hy word dus van die staanspoor voor 'n *eenheid* geplaas, waarin en waaromheen hy hom kan oriënteer. Los sinne en toetse moet dus net *betreklik* los wees, in die sin dat hulle aansluit by die eenheid, waarin die kind hom reeds bevind.

6. 'n Sistematiese en formele studie van grammatika het, vir leerlinge op die laer skool teminste, só min en só 'n twyfelagtige soort waarde, dat dit nie die moeite werd is om daar 'n drukte van te maak by die taalonderwys nie.

Die beskaafde *taalgebruik* dien as uitgangspunt en basis van ons onderwysmetode ; die *beskaafde gebruik van die taal*, in sy gesproke en geskrewe vorme, is hoofdoel van ons taalonderwys op die laer skool. Volg ons daardie metode, en bereik ons daardie doel, dan sal ons nie alleen die kind van 'n onontbeerlike wapenrusting voorsien het nie, maar ook in hom die kiem geplant het van 'n liefde vir wat mooi is in die boekewêreld.

Gaarne betuig ek my dank aan Mej. E. C. Laubscher van die Primêre Skool, Tokai, vir haar hulp in verband met die eerste drie boekies van hierdie serie, die leerstof waarvan sy oorspronklik ontwerp het. Die illustrasies in die eerste twee boekies is ook van haar.

H.H.B.

Kaapstad,
Februarie 1923.

JUTA SE

Afrikaanse Taalboekies.



1. Lees :

As ons horlosie agter is, kom ons laat vir skool. Jan kom altyd laat. Sy ma het nie 'n horlosie nie. Die meester is kwaad vir Jan, omdat hy elke môre laat is.

2. Vul in *ou* of *oe* :

(*a*) My h....d is gr....n.
(*b*) Die vr.... is ....d.
(*c*) Hy ry in die d.....
(*d*) My v....t is k....d.

3. Antwoord in sinne :

(*a*) Hoeveel ure is daar op die horlosie?
(*b*) Hoeveel wysters het die horlosie?
(*c*) Hoeveel ure gaan jy skool?

1. Lees :

   Die kuiken is ag dae oud. Hy soek kos om te eet. Hy sien 'n wurm, en is bly. As hy bang word, loop hy na sy ma. Hy kruip onder die ou hen se vlerke.

2. Gee ses ander woorde waarin *ui* voorkom.

3. Maak kort sinnetjies met die ses woorde.

4. Watter groot voëls vang graag kuikens?



1. Lees :

   Piet en Jaap loop in die veld rond. Piet sien 'n skoerlapper op 'n blaar sit. Jaap is 'n stout seun, en wil die arme diertjie doodmaak.

2. Watter tyd van die jaar sien 'n mens baie skoerlappers ?

3. Noem 'n ander diertjie wat baie soos 'n skoerlapper lyk.

4. Gee vier woorde met die *ou*-klank, en gebruik hulle in kort sinne.



1. Lees :

   In ons tuin is baie groente. Elke môre gaan Pa na die tuin om groente te haal. Hy stuur dit na die dorp. Daar koop die mense dit.

2. Wat is die name van die groente in die prentjie ?

3. Noem nog vier ander soorte groente op.

4. Skrywe vyf woorde met die *oe*-klank, en maak kort sinne met die woorde.



1. Lees :

   In die see woon baie soorte visse. Die vissers vang vis met nette en ook met hoeke. In sommige riviere is daar ook visse.

2. Noem die name van vyf diertjies wat onder die water woon.

3. Noem die name van vier soorte visse.

4. Wat eet 'n vis

5. Waarmee vang die vissers vis ?



1. Lees :

   'n Klein eendjie is baie mooi. Hy kan vinnig swem. Sy pote is gemaak om mee te swem. 'n Kuiken kan nie swem nie.

2. Noem 'n ander diertjie wat baie lyk soos 'n eendjie, en wat ook kan swem.

3. Vertel hoekom 'n kuiken nie kan swem nie.

4. Hoekom word 'n eend se lyf nie nat in die water nie ?

1. Lees :

Vlieërs.

Piet en Frits het hulle vlieërs. Dit is baie koud buite, maar hulle wil nie binne wees nie. Frits se tou het gebreek. Hy huil want sy vlieër het op 'n dak geval. Piet is bly dat hy nog syne het.

2. Vul woordjies in :

   (*a*) Jan het 'n . . . hoed op.
   (*b*) Karel het 'n . . . jas aan.
   (*c*) Die koei het . . . horings.
   (*d*) Die haas het . . . stert.

3. Maak 'n kort storie van die woorde : Fiets, seun, hond en pad.



1. Lees :

   In die somer is daar baie soorte vrugte. Ek hou van vye en druiwe. My broer hou meer van pruime.

2. Watter soort vrugte sien jy in die prentjie?

3. Noem die name van drie soorte vrugte wat in die winter ryp word.

4. Van watter vrugte hou jy die meeste, en wanneer is hulle ryp?

5. Noem die name van vyf soorte somervrugte.

1. Lees :

Pop-speel.

Bettie speel baie graag pop. Haar ma is baie lief vir haar. Sy is 'n soet kind. Toe sy verjaar het, het sy 'n mooi pop gekry. Bettie is baie trots op die pop. Haar sustertjie mag nie met haar pop speel nie.

2. Skrywe die woorde in wat uitgelaat is :

(*a*) Bettie het 'n mooi . . . gekry.
(*b*) Sy is 'n . . . dogter.
(*c*) Lenie is 'n . . . van Bettie.
(*d*) Bettie is . . . op haar . . . pop.

3. Skrywe die eerste stukkie oor.



1. Lees :

   Meester was baie besig, en het vir Sannie gevra om die klok te lui. Sannie was so haastig, dat sy haar lei laat val het. Die lei het nie gebreek nie.

2. Noem ses dinge op wat in die skoolkamer te sien is.
3. Maak sinne met die woorde : kraai, fraai, draai, en saai.
4. Vertel enige iets wat by die skool gebeur het.

1. Lees :

Albaster-speel.

Jan het ag albasters. Piet wen twee en Danie een. Jaap het gestaan en kyk. Hy en Karel was bang om saam te speel. Hanna en Miena is Jan se twee susters.

2. Soek al die name van kinders uit, en skrywe dit neer.

3. Skrywe nog vier name van seuns en vier van meisies neer.

4. Antwoord in sinne :

   (*a*) Hoeveel albasters het Jan gehad?
   (*b*) Wie het twee gewen?
   (*c*) Wat is Hanna en Miena van Jan?
   (*d*) Wie was bang om saam te speel?



1. Lees :

   Elke môre voor ek skool-toe gaan was my ma my. Sy hou nie van vuil kinders nie, en Juffrou ook nie. Sy kam ook my hare.

2. Skrywe nog vier dinge neer, wat jy moet doen voor jy skool-toe gaan.

3. Noem ses dinge op wat in 'n slaapkamer is.

4. Skrywe sinne met die ses woorde.

5. Gee die name van die dinge wat jy in die prentjie sien.

1. Lees :

Op die Plaas.

Klaas woon op 'n groot veeplaas. Sy pa het baie skape en bokke. Die kaffirs skeer die skape tweemaal elke jaar. Die bokke word nie geskeer nie. Van die wol word ons klere gemaak.

2. Antwoord die vrae in sinne :

   (*a*) Wat is die naam van die dier wat geskeer word ?
   (*b*) Wie skeer die skape ?
   (*c*) Wat eet skape en bokke ?

3. Maak 'n kort storietjie van die woorde : Lam, kar, esel, hond.



1. Lees :

   My ma gaan môre dorp-toe. Sy gaan borde koop. Griet is die kok. Sy het die borde laat val en hulle het almal gebreek.

2. Noem ses dinge op wat op 'n eettafel behoort te wees.

3. Noem die name van die dinge wat jy in die prentjie sien.

4. Vul in die woorde wat makeer :

   (*a*) 'n Lepel word van . . . gemaak.
   (*b*) 'n Bord word van . . . gemaak.
   (*c*) 'n Servet word van . . . gemaak.

1. Lees :

Die Nuwe Huis.

Jaap se pa het hulle huis laat nuut maak. Die mure het hy laat wit met kalk. Die deure en vensters is bruin geverf. Die dak is rooi. Die huis is nou klaar en lyk baie mooi.

2. Noem die kleure op wat aan die huis te sien is.

3. Noem nog vier ander kleure op. Skrywe sinne met die woorde.

4. Skrywe die eerste stukkie oor.



1. Lees :

   Die hondjie se baas het gaan kuier. Hy moes alleen tuisbly. Nou kyk hy of hy nog niks sien aankom nie.

2. Van watter soort hond hou jy die meeste en waarom ?

3. Skrywe vier sinne oor die hond in die prentjie.

4. Vertel iets van 'n hond wat jy ken.

5. Gee vier woorde met die *ooi*-klank, en maak sinne met die woorde.

1. Lees :

Gevang.

Frans en Gert was twee stout kinders. Hulle het eendag oor 'n hoë muur geklim in 'n tuin. Die pere was net ryp. Toe hulle besig was om te pluk, kom die baas van die tuin daar.

2. Vertel die storietjie verder.

3. Antwoord hierdie vrae :
   (*a*) Wat het Frans en Gert gedoen?
   (*b*) Wat het hulle gaan pluk?
   (*c*) Wat het gebeur toe hulle besig was?
   (*d*) Wat het die baas met hulle gemaak?



1. Lees :

Die konyn is 'n klein diertjie. Hy eet graag wortels, rape en gras. Kinders hou daarvan om konyntjies aan te hou, en hulle word beskou as mak diertjies.

2. Vertel in jou eie woorde hoe die konyntjie lyk wat jy gesien het.

3. Watter ander diertjie lyk baie soos 'n konyntjie en waar woon hy ?

4. Skrywe vier sinnetjies oor die konyntjie.

1. Lees :

Maats.

Anna en Miena is groot maats. Lena en Hanna kom ook baie by hulle speel. Hulle speel altyd pop.

Frans is 'n broer van Miena, en Jan is een van Hanna.

2. Soek al die name van kinders uit.

3. Antwoord in sinne :

(*a*) Wie is 'n groot maat van Anna?
(*b*) Wie is Frans se suster?
(*c*) Wie is Hanna se broer?
(*d*) By wie gaan Lena soms speel?

4. Vertel 'n speletjie wat jy graag speel.



1. Lees :

   Jan slaap graag laat. Hy kom ook baiekeer laat vir skool. Die meester praat daaroor, maar Jan wil maar nie hoor nie.

2. Antwoord in vol sinne :

   (*a*) Waarom kom Jan laat vir skool ?
   (*b*) Wat doen meester as Jan laat kom ?
   (*c*) Hoe vroeg staan jy op ?
   (*d*) Wat doen jy voor jy skool-toe gaan ?
   (*e*) Wanneer leer jy jou les ?

3. Skrywe die eerste stukkie weer oor.

1. Lees :

Op die plaas.

Jan se pa het 'n swart koei. Sy ma het vier henne wat broei. 'n Man het hulle bome kom snoei. Sy pa het altyd bygestaan, want hy was bang dat die man sou knoei.

2. Merk al die woorde wat op *oei* uitgaan.

3. Antwoord die vrae in sinne :
   (*a*) Hoeveel henne het Jan se ma ?
   (*b*) Wat het die man in hulle tuin gedoen ?

4. Skrywe die eerste twee sinne oor.



1. Lees :

   Diena en Willie het in die water gespeel. Meteens voel Willie iets knyp hom aan sy voet. Hy begin te huil. Diena kyk in die water, en daar sien sy 'n krap.

2. Antwoord in sinne :

   (*a*) Hoeveel pote het die krap ?

   (*b*) Watter ander dier bly onder die water wat ook knypers het ?

   (*c*) Wat het Willie gedoen, toe hy die knyp aan sy voet voel ?

3. Skrywe die eerste stukkie weer oor.

1. Lees :

De Voëltjie.

Kan jy die voëltjie hoor? Hy kan mooi sing. Sy vlerkies is klein; dus kan hy nie ver vlie nie. Kinders kan nie vlie nie. Hulle het nie vlerkies nie. Hulle kan loop, want hulle het voete.

2. Antwoord die vrae in sinne :

   (*a*) Hoekom kan die voëltjie nie ver vlie nie?
   (*b*) Hoekom kan 'n hoender nie ver vlie nie?
   (*c*) Wat is die naam van die grootste voël?
   (*d*) Hoekom kan kinders nie vlie nie?

3. Maak sinne met die woorde : broei, koei, braai en waai.



1. Lees :

   Jan en Karel het gaan dassies jag. Hulle het baie dassies sien sit teen die hoë kranse. Net soos hulle naby kom, vlug die dassies in die klipskeure.

2. Watter diertjie sien jy in die prentjie ?

3. Skrywe vyf dinge omtrent die diertjie.

4. Waar lê hy sy eiers en wie broei dit uit ?



1. Lees :

   Anna is baie besig. Heeldag werk sy, en as dit begin donker word moet sy na die tuin gaan. Die slakke pla baie by die groente. Anna vang baie in die aand.

2. Skrywe 'n paar kort sinne omtrent die slak.

3. Antwaard die vrae in sinne :

   (*a*) Wat doen Anna as dit begin donker word ?
   (*b*) Watter kwaad doen slakke ?
   (*c*) Van watter groente hou slakke baie ?



1. Lees :

   Die vrugte word in mandjies gepak en na die mark geneem. Al die mandjies word op 'n wa gelaai. Voor die wa word osse of perde gespan.

2. Hoeveel mandjies sien jy in die prentjie ?

3. Watter soort vrugte is in die mandjies ?

4. Maak 'n kort storie van die woorde : kar, stroom, vrugte, seun en skrik.

1. Lees :

Diere op die plaas.

Op 'n boerplaas is daar baie soorte diere. Die groot diere word gebruik om die werk te doen. Soms moet hulle in die ploeg trek, of voor die waens wat die graan wegry. 'n Boer moet ook baie werk. Hy kry altyd volk om hom te help.

2. Skrywe die name van ses diere wat op 'n boerplaas is.

3. Skrywe die name van ses voëls wat op 'n boerplaas gehou word.

4. Antwoord in sinne :

(*a*) Watter tyd van die jaar ploeg die boere ?
(*b*) Watter tyd oes hulle ?
(*c*) Wat doen die boer as hy klaar met oes is ?



1. Lees :

   Sarel was 'n soet seun. Hy wou graag in die wind gaan speel. Sy ma wou dit nie hê nie. Sy was bang dat hy weer sou hoes, as hy in die wind speel.

2. Antwoord in sinne :

   (*a*) Hoekom wil Sarel in die wind gaan speel ?
   (*b*) Hoekom wou Sarel se ma dit nie hê nie ?
   (*c*) Watter soort seun was Sarel ?

3. Skrywe 'n storietjie van wat jy in die prentjie sien.



1. Lees :

   Die perd is een van ons groot diere. Hy is baie werd vir die boer. Hy is sterk gebou, en kan swaar vragte trek.

2. Gee die name van vier ander groot diere.

3. Vul die woorde in wat uitgelaat is :

   (*a*) Die perd is 'n . . . dier.
   (*b*) Hy kan . . . vragte trek.
   (*c*) 'n Klein perdjie noem 'n mens 'n . . .

1. Lees :

Die Volstruis.

Koos en Jan het koeie opgepas. Hulle twee het altyd saam kwaad gedoen. Eendag het hulle by die kamphek gaan staan, en die kwaai volstruis begin têre. Hulle het nie opgelet hoe laag die draad was nie. Meteens spring die volstruis oor die draad.

2. Vertel die storietjie klaar.

3. Maak sinne met hierdie woorde : groei, koei, stoei en boei.

4. Antwoord in sinne :

   (*a*) Wat het Koos en Jan gedoen ?
   (*b*) Waar het hulle gaan staan ?
   (*c*) Wat het die volstruis gedoen ?
   (*d*) Wat het hulle gedoen toe die volstruis oor die draad spring. ?



1. Lees :

   Koos wou graag gespeel het. Toe roep sy pa hom, en sê dat hy die koei moes gaan haal. Koos begin toe te huil. Toe sê sy ma : „ Foei, foei, arme kind ! ”

2. Skrywe vier sinnetjies oor die prentjie.

3. Gee nog drie woorde met die *oei*-klank.

4. Maak 'n kort storie met die woorde : Dam, Koos, vuil en huil.

1. Lees :

Na die winkel.

Miena en Sara moes na die winkel gaan. Hulle ma het vir hulle geld gegee om koffie, suiker en tee te koop. Die winkelier het toe die goed afgeweë en vir hulle gegee. Hy het ook nog geld uitgekeer.

2. Vertel van 'n gebeurtenis wat jy kort gelede gesien het.

3. Antwoord in sinne :
   (*a*) Waar moes Miena en Sara heen gaan?
   (*b*) Wat moes hulle gekoop het?
   (*c*) Wat het die winkelier vir hulle gegee?

4. Noem vyf dinge op wat in 'n winkel te koop is.

1. Lees :

   Hier by ons speel die kinders baie soorte speletjies : wegkruipertjie, albaster, perd, en nog baie meer. Die seuns speel met die albasters ; hulle speel ook perd. Die meisies speel pop en wegkruipertjie.

2. Noem nog 'n paar speletjies

3. Skrywe alles neer wat jy in die prentjie sien.

4. Vertel hoe 'n mens wegkruipertjie speel.



1. Lees :

   Griet en Lettie het tuisgebly. Lettie se ouers het gaan kuier. Griet werk in die huis. Jan werk buite. As Pa en Ma weg is, speel hulle baie lekker.

2. Skrywe 'n storie oor die prentjie.

3. Vul in *ui* of *y* :

   (*a*) Die t....n is mooi.
   (*b*) Die bome staan in 'n r....
   (*c*) My d....m is seer.
   (*d*) Die vrugte is r....p.



1. Lees :

   Die huisie het naby 'n pad gestaan. 'n Ou tante het in die huis gewoon. Eendag het daar 'n klein meisie kom klop. Sy het gehuil, en aan die ou tante gesê, dat sy verdwaal het.

2. Maak die storie klaar en vertel wat met die meisie gebeur het.

5. Maak kort sinne met die woorde : Lei, klein, trein, eier en Mei.

1. Lees :

Anna se lammetjie.

„Klein Anna het 'n lammetjie
Met fyn en spierwit oortjies,
En oral by die dammetjie
Lê baie van sy spoortjies."

2. Antwoord :
   (*a*) Wat het klein Anna ?
   (*b*) Hoe lyk die lammetjie se oortjies ?
   (*c*) Waar speel die lammetjie altyd ?
3. Teken 'n prentjie van die versie.
4. Skrywe die versie weer oor.
5. Skrywe vier sinne omtrent 'n lammetjie.
6. Gee vier woorde met die *ooi*-klank, en maak sinnetjies met die woorde.

1. Lees :

Ongehoorsaam.

Sannie en haar sustertjie het eendag gaan blomme pluk in die veld. Hulle ma wou nie hê dat hulle moes gaan nie, want sy het geweet van die tier wat daar hou. Hulle wou nie luister nie en het stilletjies weggeloop. Toe hulle besig was met pluk het hulle 'n tier gesien. Hulle het toe in 'n boom geklim en die hele nag daar gesit. Die volgende môre vroeg het hulle pa hulle daar gekry, byna dood van die koue.

2. Lees die storie goed en vertel dit oor.

1. Lees :

   Rosie en Fanie speel graag in die tuin. Hulle pa plant baie soorte bome. Hulle het ook 'n blomtuin in die een hoek van die groot tuin.

2. Noem nog twee soorte tuine op.

3. Skrywe 'n storietjie oor wat jy in die prentjie sien.

4. Noem die name van vier soorte blomme.

1. Lees :

Wat die kinders doen.

Gert werk in die tuin. Jan speel graag voetbal. Karel huil baie gou. Frits ry op 'n groot bruin perd. Jan gooi goed tol. Miena stof die stoele af. Bettie kom van die winkel. Sy dra 'n pakkie in haar hand.

2. Skrywe al die woorde neer wat aandui wat die kinders doen.

3. Skrywe al die name van die kinders neer.

4. Maak 'n storietjie van die woorde : Kat, skottel, melk en stoel.

1. Lees :

   Piet het vir sy ma gevra om by die dam te gaan speel. Hy wou graag sy bootjie op die water laat seil. Hy het sy klere baie nat laat word. Nou is hy bang om huis-toe te gaan.

2. Skrywe die boonste stukkie oor.

3. Maak self 'n storietjie oor die prentjie.

4. Gee vyf woorde wat op *-ng* uitgaan.

Gedruk deur CAPE TIMES BEPERK, *Kaapstad*—T4054.